**VRYSTAATSE HOë HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Case No. : 1900/2007

In die aansoek van:

| | |
|---|---|
| **J M TALANE** | **Applikant** |
| and | |
| **M A MAKATSA** | **Respondent** |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | CILLIé R *et* EBRAHIM R |
| **AANGEHOOR OP:** | 30 NOVEMBER 2009 |
| **UITSPRAAK:** | CILLIé R |
| **GELEWER OP:** | 3 DESEMBER 2009 |

---

[1] Hierdie appèl is gerig teen die Landdros van Bothaville se afwysing met koste van die appellant se aansoek om tersydestelling van 'n vonnis wat in sy afwesigheid teen hom toegestaan was. By die aanvang van die appèl is kondonasie aan die appellant toegestaan vir die laat indiening van betoogshoofde namens hom.

[2] In sy funderende eedsverklaring ter ondersteuning van sy aansoek om tersydestelling van die vonnis verduidelik die appellant dat hy eers toe hy ‘n lasbrief vir eksekusie ontvang het, besef het dat vonnis teen hom verleen was. Hy het sy prokureur gaan spreek en verneem dat ‘n eksepsie teen sy verweerskrif gehandhaaf was en dat vonnis onmiddellik daarna teen hom verleen was. Hy beklemtoon dat hy ernstig is om die eis teen hom te bestry. Hy sit dan sy verweer op die respondent se eis teen hom uiteen. Daarmee sal hierinlater meer volledig gehandel word.

[3] Die appellant se prokureur verduidelik in ‘n ondersteunende eedsverklaring dat hy ‘n skrywe van die respondent se prokureur ontvang het. Daardie skrywe is deel van die oorkonde voor die hof en gedateer 19 Mei 2008. Hierin word die appellant se prokureur meegedeel dat die verweerskrif

> “1 … vaag en verwarrend is; 2 … nie voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in reël 19 van die Wet op Landdroshowe nie.”

Hy bevestig dat behalwe vir hierdie skrywe daar nooit ‘n kennisgewing van eksepsie teen die verweerskrif ontvang is nie. Die eerste wat hy hiervan verneem het was toe die hofbevel vanaf die Landdroskantoor op Bothaville deur hom ontvang is. Hieruit blyk dat die eksepsie op 25 Junie 2008 in die afwesigheid van die appellant en sy prokureur gehandhaaf is en dat dit opgevolg is met vonnis by verstek teen die appellant.

[4] Die respondent het nie enige bestrydende eedsverklarings ingedien nie en die aansoek om tersydestelling is gevolglik op 15 Oktober 2008 deur die Landdros aangehoor. Hieroor het die Landdros oënskynlik op 28 Oktober 2008 uitspraak gelewer.

[5] In die redes vir die weiering van die aansoek skyn dit asof die Landdros onder die indruk verkeer het dat die rede vir die appellant en/of sy prokureur se afwesigheid ‘n gebrek aan kommunikasie tussen die appellant en sy prokureur was. Dit is foutief. Hierdie verduideliking van die appellant en sy prokureur in hul onderskeie eedsverklarings verwys

na ‘n situasie wat ontwikkel het nadat vonnis reeds verleen was. Die afwesigheid tydens aanhoor van die eksepsie word verduidelik op die basis dat geen kennis van die te rolle plasing van die eksepsie ooit ontvang was nie. Hoe dit ookal sy word die aansoek deur die landdros afgewys op die basis dat

> “the reasons set out by the applicant/judgment debtor and his attorney in their affidavits that his absence or default was due to lack of communication between the two cannot be acceptable.”

[6] Landdroshofreël 49 na ‘n wysiging daarvan in 1997, skryf voor dat tersydestelling van vonnis deur ‘n hof verleen kan word as

> “goeie redes aangevoer word of indien hy tevrede is dat daar goeie rede daarvoor is.”

In **GRANT v PLUMBERS (PTY) LTD** 1949 (2) SA 470 (O) het hierdie hof neergelê dat dit verstaan moet word dat so ‘n applikant

6.1 ‘n redelike verduideliking vir sy verstek moet verskaf;

6.2 ‘n *bona fide* verweer moet openbaar; en

6.3 *bona fide* moet wees in sy aansoek

[7] Die Landdros het in sy afwysing van die aansoek nie gehandel met vereiste 6.2 en 6.3 *supra* vermeld nie maar volstaan daarmee dat die verduideliking vir die versuim nie aanvaarbaar is nie. Hierin het die Landdros fouteer. Die beweringe van die appellant en sy prokureur in hul eedsverklarings dat die terolleplasing van die eksepsie nooit ontvang is nie is nie deur enige bestrydende eedsverklarings namens die respondent weerspreek nie. Hoe presies die appellant se prokureur in kennis gestel sou wees van die terolleplasing van die eksepsie is nie heeltemal duidelik uit die stukke nie. Dit blyk uit die stukke dat die appellant se prokureur op Kroonstad en die respondent se prokureur op Bothaville praktiseer. Die dagvaarding is vanuit Bothaville se Landdroshof uitgereik. Geen adres binne 8km vanaf die Bothaville hof is egter deur die appellant se prokureur verskaf nie. Vergelyk Hofreël 13(4)(c). Volgens die respondent se mededelinge op 15 Oktober 2009 aan die Landdros het die appellant se prokureur ook nie ‘n versoek soos beoog in Landdroshofreël 13(4)(cb) van die appellant se prokureur

ontvang nie. Skynbaar het die partye sommer informeel en sonder enige werklike ooreenkoms daartoe die pleitstukke per pos gewissel. Op die kennisgewing van eksepsie word aangedui dat dit per geregistreerde pos na ‘n posadres wat voorgee die appellant se prokureur sin te wees, versend is. Volgens die oorkonde het die respondent se prokureur se prokureur tydens aanhoor van die eksepsie die Landdros ingelig dat:

> “Die eiser het reeds die verweerder in kennis gestel om die verweerskrif te wysig en word ‘n afskrif van sodanige kennisgewing hierby aangeheg.”

Hoe die kennisgewing van eksepsie self tot kennis van die appellant gebring is, word egter nie vermeld nie. Tydens aanhoor van die aansoek om tersydestelling van vonnis het die respondent se prokureur uitlatings gemaak wat dalk verstaan kan word as dat dit per faks geskied het. Hoe dit ookal sy, dit was sekerlik binne die respondent se vermoë om die bewys van aflewering van die geregistreerde stuk aan appellant se prokureurs aan die hof beskikbaar te maak as dit is hoe dit geskied het. Dit is tog welbekend dat

vir ontvangs van ‘n geregistreerde stuk geteken word deur die ge-adresseerde. Die somtotaal van dit alles is gevolglik dat die verduideliking namens appellant vir sy afwesigheid nie verwerp kan word nie. Mnr Gilliland, namens die respondent, het dit ook heeltemal geredelik so toegegee.

[8] Mnr Gilliland betoog egter dat die appellant nie aan die ander vereistes vir die aansoek om tersydestelling van vonnis voldoen het nie. Besonderlik betoog hy dat die appellant nie ‘n *bona fide* verweer in sy ondersteunende eedsverklaring openbaar het nie. Hierdie betoog maak dit nodig om te verwys na wat presies die respondent se eis teen die appellant is. In die besonderhede van eis word die relevante gedeeltes daarvan as volg gestel:

> “<u>Eis nommer 1</u>: Gedurende of ongeveer 2001 het eiser ‘n bedrag van R4 000,00 aan verweerder geleen en voorgeskied op versoek van die verweerder. …
>
> <u>Eis nommer 2:</u>
>
> 1.1 Verweerder het twee koeie van die eiser verkoop.
>
> 1.2 Die verweerder het betaling van die bedrag van R7 600,00 synde die koopprys van die twee koeie in

ontvangs geneem en nie die gelde oorbetaal aan die eiser nie."

Hierop verklaar die appellant as volg in sy eedsverklaring wat die aansoek om tersydestelling van vonnis ondersteun:

"5.1 Ten opsigte van eis nommer 1 ontken ek ten sterkste dat ek die bedrag van R4 000,00 aan die respondent verskuldig is ten opsigte van geld geleen en voorgeskied.

5.2 Ten opsigte van eis nommer 2 ontken ek ten sterkste dat ek twee beeste by die respondent gekoop het.

6. Ek en die respondent was saam in besigheid vanaf 2002 tot en met 3 Februarie 2007. Die besigheid het behels die aankoop en grootmaak van beeste. Ek het die ooreenkoms soos reeds vermeld beëindig en vermoed ek dat as gevolg daarvan het die respondent die fiktiewe eise voormeld teen my ingestel."

Mnr Gilliland wys daarop dat dit nie eintlik die respondent se bewering is dat die appellant self die twee beeste by hom gekoop het nie en dat die appellant gevolglik 'n verweer opper op 'n bewering wat nooit gemaak is nie. Dit mag so wees maar ek is tevrede dat die appellant met voldoende

besonderhede sy verweer openbaar. Daar is geen rede om die *bona fides* daarvan te betwyfel nie. Die respondent het soos reeds gemeld ook nie in enige bestrydende eedsverklaring daarmee gehandel nie.

[9] Die appèl moet gevolglik gehandhaaf word. Mnr Gilliland het egter betoog dat die respondent se bestryding van die appèl nie onredelik was nie en dat dit die appellant is wat die hof se tegemoetkoming vra. Hierdie betoog is korrek ten aansien van die aansoek om tersydestelling van vonnis. Dit kan egter nie geld vir die koste van die appèl nie. Die respondent moes tydig sy vooruitsigte om die appèl met sukses te bestry oorweeg het. 'n Tydige abandonering van die verstekvonnis wat in sy guns gegee was sou hom sy koste gespaar het. Daar is gevolglik geen rede waarom die koste nie die uitslag van die appèl sal volg nie.

Bygevolg word die volgende bevel gemaak.

1. Die appèl slaag.
2. Die Landdros se bevel word vervang met die volgende:

"Die bevel by verstek toegestaan ten gunste van die eiser op 28 Oktober 2002 word tersyde gestel maar die verweerder moet die koste van die aansoek om tersydestelling van die vonnis betaal. Indien die eiser wil voortgaan met die eksepsie kan hy dit met kennisgewing aan verweerder soos deur die reëls voorgeskryf ter rolle plaas".

3. Respondent word gelas om die koste van die appèl te betaal.

**C. B. CILLIé R**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

Namens die appellant: Adv. T. Pienaar
In opdrag van:
Quinton Grimbeek Prokureurs
BLOEMFONTEIN

| | |
|---|---|
| Namens die respondent: | Adv. J. G. Gilliland<br>In opdrag van:<br>Hill McHardy & Herbst Ing.<br>BLOEMFONTEIN |

/em